

Voorkoming in plaagbeheer is beter as genesing

Dr Gerhard H Verdoorn
Rentmeesterskap en Operasionele Bestuurder, CropLife Suid-Afrika

Die klimaatstoestand is besig om drasties hier op aarde te verander of Donald Trump dit wil glo of nie. dit veroorsaak beduidende impakte op die samelewing en landbou gaan ook onder druk as gevolg klimaatsverandering. Nie alleen is reënval wispelturig nie, maar ook seisoene wat nie meer hul normale patrone volg nie. Laat somers, warm winters, verwoestende storms, ernstige droogtes en snerpende koues is alles dinge wat die boer seermaak. Daarmee saam word die bestaande patrone van peste en plaë ook versteur en krap produsente se planne deurmekaar. Insekplaë wat nog nooit in gewasse teenwoordig was nie, dop skielik uit en vang boere onkant. Swamsiektes kom voor in tye en plekke waar dit glad nie verwag word nie. Dit raak uitdagend om winsgewend te boer!

Gelukkig is daar in die moderne era baie tegnologie tot die boer se beskikking om plaagbeheer effektief aan te pak, maar dis altyd beter om voorkomend op te tree as reaktief te moet sukkel om 'n ongewenste insek die hoof te bied. Moderne landbou vorder sterk op pad na presisie-landbou waar dinge fyn beplan word om meer

sukcesvol te wees en meer koste-effektief te wees. Deel van presisie-landbou is vroeë waarskuwingstelsels wat enige boer behoort te gebruik om vroegtydig homself te vergewis van moontlike peste, plaë en siektes wat sy gewasse mag bedreig.

Weerpatrone

Die weer is een van die grootste rolspelers in plaag- en siekte-ontwikkeling. Weereens moet ons gebruik maak van die beskikbare tegnologie en daar is genoegsame langtermyn weervoorspellingsmodelle wat boere gratis kan raadpleeg om inligting oor weerpatrone te bekom ten einde te bepaal watter plaë en siektes moontlik kan ontstaan. Veral plantpatogene toon 'n sterk verwantskap met weersomstandighede en dus kan boere planne maak om voortydig die regte swamdoders aan te wend om swamme in die kiem te smoor. Ons het die afgelope twee jaar ook geleer dat goeie reën na langdurige droogtes die Lepidoptera peste (wurmplaë) soos 'n vloedgolf oor die landbou stuur. Die herfskommandowurm het ons lelik onkant gevang en nie lank daarna nie, het die Afrika-bolwurm en ander spesies ook op groot skaal chaos in gewasse veroorsaak. Boere

moet dus kennis neem van die weer en die patrone gebruik om self te voorspel watter peste en plantsiektes moontlik in gewasse mag ontwikkel veral as temperature klim, reën begin val en lugvog styg.

Visuele waarnemings en feromoonlokvalle

Die wurmplae word vroeg waargeneem as daar motbeweging in landerye is. Motte vlieg net voor sonder rond en as dit lyk of "motwolke" oor landerye oor boorde beweeg dan is daar sonder twyfel 'n plaag op pad. Dit is raadsaam om net voor sonder elke aand om boorde en landerye te ry en te kyk of daar motte teenwoordig is. Saam met waarnemings is feromoonlokvalle die beste "voorbehoedmiddel" teen wurmplae. Lokvalle wat met feromone toegerus is, lok mannetjie motte en as mens dan elke dag die tellings doen sal jy baie vinnig weet as daar 'n skielike toename is. Feromone is alreeds op 'n redelike skaal in Suid-Afrika geregistreer en die inligting oor sulke produkte is beskikbaar op www.agri-intel.com. Dit is raadsaam om die motte korrek te identifiseer want die gaan die beheerstrategie dikteer. Daar is gelukkig baie entomoloë in landbou chemiese maatskappye, by die LNR en akademiese instansies wat met graagte motte kan identifiseer.

Vroeë beheer is noodsaaklik

Ons moet weer onself herinner aan die herfskommandowurm en ook die Afrika-bolwurm. Toe boere hulle oë uitvee was die herfskommandowurm al so "groot soos 'n Bloutrein" en geen piretroïed kon die wurms doodkry nie. Die herfskommandowurm is weerstandig teen piretroïede maar enige entomoloog sal saamstem dat dit 'n futiele poging is om volwasse wurms met 'n piretroïed te takel. Dieselfde het gebeur met Afrika-bolwurm in kanola: die produsente het eers van die plaag bewus geword toe die wurms soos treine gelyk het.

In terme van wurmplae is gereelde inspeksie van die gewas net so belangrik as om feromoonlokvalle in te span en saans vir motwolke te soek. Eierpakkies op blare is soos 'n oorlogsverklaring en die boer moet planne in plek stel om die wurmpies te spuit net sodra hulle uitbroei. Dit is wanneer die wurmplaag op sy kwesbaarste is en nog geen skade

aangerig het nie. Dan werk die sagter middels ook baie effektief en 'n goeie bespuiting sal waarskynlik die seisoen se wurms 'n ernstige knou toedien.

Daar is ook rede om te glo dat voorkomende beheer vir kewerplae en selfs wurmplae in bewaringsbewerking noodsaaklik is. Dit beteken dat die gewasreste waarin eiers en papies mag skuil, vernietig moet word deur in te dis en soos in die ou dae onder die grond te bêre waar dit vernietig mag word. Dieselfde geld vir nagmuis: dit is raadsaam om een keer elke vier jaar voor die plantseisoen landerye deeglik diep te ploeg m nagmuisneste en -tonnels te vernietig.

Onkruidbeheer is ook noodsaaklik

Onkruid het 'n hele paar negatiewe eienskappe waarvan sommige nie altyd bekend is nie. Water en bemestingstof gebruik is maar slegs twee van die impakte wat boere moet trotseer terwyl die ander effekte waarskynlik net so nadelig vir gewasse is. Onkruid is altyd 'n veilige hawe vir plantpeste wat vanaf onkruidstande gewasse invaar en skade veroorsaak. So ook mag plantpatogene in onkruid skuil net om te ontplof wanneer weersomstandighede gunstig raak en die swamme sporileer om gewassiektes te veroorsaak. Sommige onkruid mag selfs toksiene vrystel wat gewasse kan beskadig. Daar is dus genoeg rede om onkruid vroeëtydig uit te wis sodat hulle impak om gewasse gekanselleer kan word.

Samevatting

Plaag-, onkruid- en siektebeheer is 'n duur storie en as dit net reaktief gedoen word, kos dit die produsent te veel. Dit is baie meer winsgewend om vroeg die beheer in plek te stel maar dit gaan verg dat produsente die weer en insekbevolkings fyn moniteer met die beskikbare tegnologie.

Kontak dr Verdoorn by 082-446-894 ■

